

**23 November**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-32**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:21, 32 (vgl. ook Fil 2:5)**

**Die huwelik is 'n skaduwee van die kosbare band tussen  
Christus en sy kerk**

God bou sy kerk deurdat Hy daaraan gawes gee en dat hierdie gawes tot voordeel van die lidmate van die kerk aangewend word. Só groei ons tot 'n ware eenheid en in volle kennis van God. Hierdie gawes word gegee deur en diensbaar aan die lidmate gestel *onder die gesag van Jesus Christus* – die Bruidegom van die bruidskerk.

Van hierdie kosbare band tussen Christus en sy kerk is julle as huweliksmaats 'n skaduwee – 'n teken. Hierdie skaduwee van die huweliksband tussen Christus en sy kerk word allereers gekenmerk deur liefde. Die liefde wat u as man daartoe motiveer om selfs u lewe vir u vrou af te lê (soos Christus vir sy Bruidskerk), en die liefde wat u as eggenote vir u man het in die eerbied wat u vir u man het (in dieselfde gees en gesindheid openbaar die bruidskerk 'n wederliefde vir die Here).

Maar: u hoofskap, man, mag nooit in 'n *liefdelose* heerssug verval nie. U hoofskap dra 'n stempel van liefde waarin u, deur die leiding wat u aan u vrou gee, orde in u huis handhaaf. Prakties beteken dit dat u u huis só organiseer dat daar vrede en harmonie in die huishouding is. U reël die omstandighede in u huwelik só dat u vrou se sterkpunte u swakpunte aanvul. Net soos wat lidmate in die kerk van die Here, onder die bediening van die hoofskap van Christus, hulle gawes só aanwend om mekaar te bou en versterk en aanvul.

Op hierdie wyse – deurdat u u huis in liefde só organiseer dat die kosbare verhouding wat daar tussen Christus en sy kerk is, openbaar word – word u, wanneer dit goed gaan in u huwelik, 'n bedienaar van troos en hoop vir 'n moedelose kerkgemeenskap en moedelose huweliksmaats. En, wanneer u huwelik deur stormwaters gaan, word u bemoedig en opgeroep deur die beeld van Christus en sy kerk om daarin te volhard om in u huwelik *liefdevol* leiding te gee.

*Sing: Psalm 128 (1936):1, 2, 3, 4*

*Ds JC van Dyk (Ventersdorp)*